Ons Haantjie

Nr 125

Feb 2016

Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familiebond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113 **www.henning.org** **E-pos: olie4@henning.org**

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

‘n Henning betrokke in die 2015 Nobelprys vir Fisika

Prof Reyco Henning, seun van b1.c6.d3.e11.f3.g1. Cornelius Belthaser (Neels) Henning en sy vrou Bernice van Tampa, Florida, VSA wat deel was van die span navorsers wat Prof Arthur Mc Donald bygestaan het om die 2015 Nobelprys vir Fisika te verwerf het

Ons het reeds in Nuusbriewe 95 van Augustus 2008 en 101 van Februarie 2010 oor die akademiese prestasies van **b1.c6.d3.e11.f3.g1.h1. Reyco Henning *13-9-1975** berig. Hy het kort nadat hy matriek in 1993 aan die Hoërskool Waterkloof in Pretoria geslaag het, met onderskeidings in al sy vakke, saam met sy ouers en twee susters na Tampa, in die Staat Florida, VSA emigreer. Met beurse van die Amerikaanse regering studeer hy in die Natuurwetenskappe aan Amerikaanse universiteite en verwerf verskeie grade in Fisika met onderskeiding (Magna Cum Laude), waarvan die laaste ‘n Doktorsgraad in Fisika aan die beroemde ***Massachusets Institute of Technologies (MIT)*** was. Vir sy doktorsgraad doen hy navorsing in die veld van sub-atomiese partikels (neutrinos).

Hy word mettertyd aangestel as mede-professor in Fisika aan die Universiteit van Noord Carolina te Chapel Hill, waar hy onder andere deelneem aan proewe wat by die Groot Hadronbotser laboratorium op die grens tussen Switzerland en Frankryk in die veld van sub-atomiese partikels gedoen word.

Op 6 Oktober 2015 het die Sweedse Koninklike Akademie, wat die Nobelpryse toeken, aangekondig dat hierdie jaar se Nobelprys vir Fisika aan twee wetenskaplikes toegeken word, nl die Kanadees Arthur B Mc Donald van die Queens Universiteit in Ontario, Kanada (Hy is ook die Direkteur van die Sudbury Neutrino Observatory [SNO]) en Takaaki Kajita van die Universiteit van Tokyo in Kashiwa, Japan.

Hulle eksperimente was deurslaggewend om te bewys dat ongeveer twee derdes van elektron neutrinos wat in die kern van die son geskep word, op hulle reis deur die ruimte vanaf die son na die aarde hulle identiteit of geur verander.

Daar is drie tipes (of geure) Neutrinos, bekend as "electron", "muon" of "tau". Hulle kan van een tipe (of geur) omskakel na 'n ander terwyl hulle teen bykans die spoed van lig deur die ruimte vanaf die son na die aarde beweeg. Hierdie vermoë om van een geur na 'n ander om te skakel beteken dat neutrinos massa moet hê.

Ten spyte van die feit dat miljarde neutrinos elke sekonde van die dag deur ons liggame stroom, is hulle onbegrypbare, spookagtige partikels wat baie moeilik is om waar te neem.

'n SNO opspoorder, wat duisende ton "swaarwater" bevat, is twee kilometers ondergronds gebou by Creighton Mine naby Sudbury, Ontario, Kanada. Die eksperiment het 9500 lig-sensitiewe opspoorders gebruik om die klein hoeveelheid lig waar te neem wanneer neutrinos vanaf die son en deuterium atome in die swaarwater op mekaar inwerk.

Prof Mc Donald wat hierdie SNO navorsingsprojek gelei het, se span het drie wetenskaplikes van die Fisika en Astronomie departement van Universiteit van Noord Carolina ingesluit, naamlik **Prof John Wilkerson, Prof Reyco Henning en Mark Howe. Hulle was dus deel van die span wat die Nobelprys verower het, hoewel die prys net aan die leier toegeken word.**

Wilkerson, Henning en Howe is nou besig om te werk aan die volgende groot vraag rondom neutrinos, naamlik of hulle hul eie antipartikels is. Die Universiteit van Noord Carolina, Chapel Hill waar Reyco Henning werk is die leier inrigting vir hierdie groot internasionale eksperiment, wat Majorana gedoop is.

Dr Colleen Henning vir Wêreldprys genomineer!

Dit het op 4 Januarie 2016 bekend geword dat 'n internasionale organisasie – die Wakie stigting- die name van 50 onderwysers wêreldwyd op 'n kortlys gesit het om as Internasionale onderwyser van die jaar vir innoverende onderrig aangewys te word. Die wenner sal gedurende Maart 2016 aangewys word en ontvang prysgeld ten bedrae van $1-miljoen Amerikaanse Dollars, of te wel ongeveer R15-miljoen.

Twee Suid-Afrikaanse onderwysers is onder hierdie uitverkore groep en 'n Henning is een van die twee, nl Dr Colleen Henning, wetenskaponderwyseres van die St Johns College in Johannesburg. Sy is genomineer weens die slim onderwysmetodes soos aanlynoefeninge en videos waarvan sy gebruik maak.

Colleen is natuurlik die vrou van b6.c3.d9.e4.f1.g1.h2. Johannes Christiaan (John) Henning *26-3-1959 van Atlasville, Boksburg. John het vir ‘n paar jaar gedurende die 1980’s/1990’s op die bestuur van die Familiebond gedien.

Sy het aangedui dat as sy die prys sou wen, sy graag ‘n bydrae sal wil lewer tot die totstandkoming van ‘n beurs vir leerlinge wat finansieel swaarkry en sy wil ‘n vereniging vir wetenskap-onderwysers stig.

Ons sal saam met John en Colleen duimvashou dat sy as wenner aangewys word!

Dr Colleen Henning, wetenskaponderwyseres van St Johns College, Johannesburg wat vir ‘n Internasionale toekenning genomineer is

ABO Medalje van Gerhardus P E Henning

Woensdag 16 Desember 2015 ontvang ek ‘n Vonkpos vanaf b7.c2.d3.e5.f2.g3.Pieter Emile Henning van Randburg. Hy vertel dat hy sien dat ‘n Anglo-Boere-oorlog (ABO) medalje wat aan ‘n GPE Henning toegeken is, op ‘n Facebook veiling opgeveil gaan word. Belangstellendes kan bie tot 20:30 uur (half nege) op Saterdag 19 Desember 2015.

Ons kon hierdie GPE Henning binne sekondes identifiseer. Dit is b5.c4.d4.e5. Gerhardus Philippus Engelbertus Henning, gebore te Lydenburg op 17 Mei 1877.
Die volgende gegewens ten opsigte van hom verskyn in die Henning Familiekroniek:

- b5.c4.d4.e5. GERHARDUS PHILIPPUS ENGELBERTUS *Lydenburg 17-5-1877, †Derby 2-2-1972, χLichtenburg CHRISTINA WILHELMINA PUTTER *Ventersdorp 13-2-1879, †Ventersdorp 25-10-1950, D/v Dederick Johannes Gerhardus Putter en sy vrou Christina Wilhelmina; χχHELENA JOHANNA KOKOT (gebore Mentz) ÷, χχχPretoria 21-9-1957 ANNA JACOBA HENDRINA GESINA THEUNISSEN

Ten tye van die Tweede Vryheidsoorlog 1899 — 1902 woon hulle op die plaas Kalkfontein in die Lichtenburg distrik. Later boer hy op die plaas Lelie, distrik Ventersdorp. Gedurende die oorlog dien hy in die Lichtenburg kommando onder Vdkt Izak Claassen en kmdt H Vermaas. Die kommando vorm deel van Genl De la Rey se gevegsmag aan die Westelike front. Hy neem deel aan gevegte te Mafeking, Kraaipan, Vryburg, Veertienstrome en Bloemhof/Kimberley. Hy dien tot aan die einde van die oorlog[8]. Gedurende die oorlog is sy eerste eggenote en hulle oudste dogtertjie in die Mafeking konsentrasiekamp aangehou[16].

Ongelukkig het ons nie ‘n foto van Gerhardus Henning nie.



Bo: Voorkant van die ABO-medalje van GPE Henning. Onder: Op die rant van die medalje is sy naam gegrafeer

Met die Henning familie wat ‘n eie familiemuseum het, is hierdie medalje natuurlik van onskatbare sentimentele waarde. Ons het onmiddelik die betrokke Facebook bladsy besoek en gesien dat die insetprys R2 000.00 is. Daar was reeds groot belangstelling (veral van munthandelaars en mense wat medaljes vir hul beleggingswaarde versamel) en ‘n hele paar mense het reeds aanbiedinge gemaak — die hoogste R2 700.00! ‘n Persoon wat skynbaar ‘n kenner van die beleggingswaarde van munte en medaljes is, het die opmerking gemaak dat hierdie medalje meer as dubbel soveel werd is as wat die hoogste bod op daardie stadium was.

Met goedkeuring van die bestuur van die familiebond, het ek ‘n bod van R3000.00 ingesit en duidelik aangedui dat die Henning Familiebond van plan was om die medalje in ons familiemuseum te Aliwal-Noord uit te stal, sou die bod op ons toegelaan word.

Ek het selfs die eienaar van die medalje geskakel om te hoor of ons dit nie direk by hom kan koop nie. Hy was egter nie hiervoor te vinde nie en het gewaarsku dat ons maar tot op die einde die veiling moet dophou (Min het ek geweet dat beleggers in munte en medaljes en handelaars van hierdie items mekaar se hande vashou tydens veilings). Ek het egter gehoop dat my opmerking op die Facebook bladsy dat ons die medalje vir ons museum wil aankoop, ander kopers sal ontmoedig om met ons te kompeteer.

Saterdagaand teen 20:00 uur het dit nog belowend vir ons gelyk – ons bod van R3000.00 was nog die hoogste en daar was verskeie positiewe aanmerkings oor ons plan met die medalje. Teen 20:20 uur het een van die beroepsversamelaars –ene Peddle – ‘n bod van R3050.00 geregistreer. Ek het ‘n paar minute gewag en om 20:28 uur ‘n bod van R3100.00 ingesit. Die eienaar van die medalje het onmiddelik gereageer en die bod op my toegeslaan. Ek was verheug en het gedink dat die medalje aan ons toegeken is.

‘n Minuut later - om 20:29 uur het ‘n handelaar, Steven Thomson ‘n bod van R3550.00 ingedien, wat onmiddelik deur die organiseerder van die veiling toegeslaan is. Ek was op daardie oomblik in groot twyfel op wie die bod nou werklik toegeslaan is. Ek het wel probeer om weer ‘n bod van R3 600.00 in te dien, maar daar is dadelik deur die organiseerder en die eienaar aangedui dat die medalje aan Thomson verkoop word.

Die kommentaar van een van die vroeëre bieërs, Pierre Rossouw spreek boekdele:

Well, well Steven Thomson - seems you Khakis will deny someone their own family medal in the pursuit of profit... pure greed actually... shame on you! Instead of manning-up and bidding in advance to show your hand - you sneak in and take it in the last few seconds... shame on you!!!

Ongelukkig blyk dit of Pierre Rossouw se opmerking korrek is. Mense wat geen begrip van ander se taal – en kultuurgoedere het nie, tree so op. Ons sal sekerlik nou by mnr Steven Thomson kan gaan toustaan, maar hy sal sekerlik sy wins wil maak! Dit is vir ons 'n groot teleurstelling.

Slag van Bloedrivier

Die gogga van familiegeskiedenis-navorsing het ook vir b7.c1.d3.e1.f1.g1.h1. Eugene Henning *17-12-1948 van Faerie Glenn, Pretoria beetgepak. Afgesien van sy Henning voorsate, het Eugene ook begin krap aan die geskiedenis van sy voorsate met ander vanne. Mens moet onthou dat elke mens ook 'n ma het, wat in alle waarskynlikheid 'n ander nooiensvan as jou pa het. So het mens vier oupa's en ouma's (met vier verskillende vanne), agt oupagrootjies en oumagrootjies (almal met verskillende vanne), daarna verdubbel die getal opeenvolgens na 16-, 32-, 64-, 128-, 256-, 512- en 1024 voorsate, tot in die tiende geslag.

As mens aanvaar dat slegs tien van hierdie 1024 voorsate se van Henning was, dan is daar 1014 voorsate met ander vanne. Slegs as een van jou Henning voorsate met 'n Henning vrou getrou het, sal mens meer as tien Henning voorsate hê. Mens sal wel vind dat van die groot Afrikaanse families, soos Venter, Nel, Kruger, Botha, ens. mans en vrouens met dieselfde vanne dikwels ondertrou het en vind mens dat by die getal van 1024 voorsate in die tiende geslag, hierdie vanne dikwels baie meer kere voorkom. As mens al tien geslagte voorsate bymekaar tel, is die getal voorsate tot in die tiende geslag 2048 individue.



'n Skildery van die Slag van Bloedrivier. Sekerlik die veldslag wat die grootste invloed op die geskiedenis van Suider Afrika en die Afrikanervolk gehad het — veral na die Gelofte van Bloedrivier. Hoewel geen Henning betrokke was in hierdie geveg nie, is baie van ons Hennings nasate van mense wat wel aan hierdie geveg deelgeneem het

Daar is 'n groot kans dat minstens een van hierdie 2048 voorsate, êrens in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die kollig gekom het. Dit geld vir elkeen van ons Hennings.

Eugene het vir ons die volgende laat weet:

Ek het gepoog om die aangetroudenes van my voorsate se geskiedenis na te

spoor en het dan redelike sukses behaal. Net met b7.c1.d3. Gert Hendrik Frantz Henning wat op 25 Januarie 1838 in die Kramberge (in die latere distrik van Aliwal-Noord) gebore is, se eggenote, Lucassina Susara Meyer het ek my lam gesukkel. Soos dit maar met hierdie navorsing gaan, val daar soms stukkies van die legkaart in plek. So pas het ek dan sukses behaal, met 'n groot verrassing as bonus.

Ek gee graag die inligting deur en vertrou dat dit ook vir jou interessant sal wees.

Ek het op die webblad "Boerevolk Ontleding" onder die titel "Die Slag Van Bloedrivier" ontdek dat my oumagrootjie Lucassina Susara Meyer se oupa, e6 Lucas Johannes MEYER een van die kommandante tydens die Slag van Bloedrivier was. Hy was op daardie stadium 47 jaar oud. Sy seun Lucas Cornelius MEYER (f1)het as manskap aan hierdie geveg deelgeneem - ouderdom 27 jaar.

Hierdie feite is ook vervat in die volgende publikasies:

VoortrekkerArgiefstukke gepubliseer 1937 en Bloedrivierse Eeufees Gedenkboek - geen jaartal word vermeld nie, maar was dit stellig 1938?

Die gerekonstrueerde Boerelaer, van brons yster gemaak, wat gedurende 1971 op die terrein van die Slag van Bloedrivier opgerig is

Dit is opvallend dat Lucas Cornelius (f1) in 1839 oorlede is en wonder mens maar net of hy moontlik gewond was in die geveg of was sy dood as gevolg van natuurlike oorsake.

Op die webwerf "Ontwikkeling van die Trek-gedagte " deur Jan C Visagie (Universiteit Stellenbosch) is daar boeiende geskiedenis rakende die Meyers, de Langes en ook Piet Retief. Dit blyk dat Lucas Johannes Meyer (e6) se eggenote Sara Johanna De Lange, die suster was van Johannes Hendrik De Lange (Hans Dons) As gevolg van 'n versoekskrif wat Meyer gerig het aan Lt Goewerneur Bourke op 17/3/1827 is die Meyers se plaas gekonfiskeer en is die dorp Grahamstad daarop uitgelê.

Ek kon ook vasstel dat Lucas Johannes Meyer op 15/12/???? saam met ene J.S. Maritz 'n brief uit die Klein Tugela, aan Majoor Charters gerig het. Geen jaartal word genoem nie en neem ek maar aan dat dit 1838 kon wees. Hy is dan ook aangestel as Ontvanger van Inkomste — ek neem maar aan dat hierdie aanstelling in die regering van die Boere in Natal was.

Hoe dit ook al sy, vir my was hierdie stukkies inligting geweldig interessant en vertrou ek dat dit vir jou ook sal wees.

Nota deur Bondsekretaris, Olivier Henning — Dieselfde Prof J C Visagie wat Eugene Henning aanhaal, het ook ‘n boekie geskryf met titel: Die Trek uit die Oos-Rietrivier –

Studies oor die Groot Trek (1989) waarin hy die rol van Lukas Johannes Meyer, oupa van Lucassina Susara Henning (gebore Meyer) in die dae van die Groot Trek uiteensit. Uit ondervinding weet ek dat bykans elke Henning een of ander voorsaat sal hê wat in die geskiedenis van ons land in die kollig gekom het. So word ons geskiedenis en die geskiedenis, soos ons dit in boeke lees, ineengeweef.

Agter: Nina Goosen, Nico Goosen, Wilna Goosen (gebore Henning), Stephan Henning, Nardo Henning, Tamsyn Henning en Nicolise Goosen. Middel: Alet Henning (gebore Du Plessis), Bernard Henning, Ouma Wiena, Oupa Giep, Mary Anne Henning (gebore Hattingh), Stanley Henning. Voor: Lennert Henning, Christiaan Goosen

Voorsitter van Familiebond vier 80ste verjaardag

Ons Familiebond voorsitter, Gideon (G S) Henning van Kalden-straat, Strand het op 10 Oktober 2015 tagtig jaar oud geword. Hy en sy vrou Wiena het hierdie heuglike dag saam met al hul kinders en kleinkinders, asook verskeie ander familie en vriende gevier. Giep (soos baie familielede hom noem) geniet nog redelike goeie gesondheid.

Ons hoop van harte dat hy nog baie jare gespaar sal word om sy taak as voorsitter van die Familiebond te kan uitvoer.

Lenélle Henning Presteer weer!

Ons het verlede jaar berig oor b7.c8.d8.e3.f4.g2.h1 Lenélle Henning *23-1-1998, dogter van Leonard en Chantélle Henning van Van Riebeeckshof, Bellville wat vir die Suid-Afrikaanse (Protea) span verkies is om aan die 2014 wêreldkampioenskappe in Aerobiese fiksheidsport te Praag, Tjeggiese Republiek te gaan deelneem het. Suid-Afrika is nog maar ‘n nuwe deelnemer aan hierdie sport en het vroeg uitgeval, maar die span het baie goeie ondervinding opgedoen.

In 2015 is Lenélle weereens as lid van die Suid-Afrikaanse span verkies om aan die wêreldkampioenskappe op 5 Desember 2015 te St Martinique, een van die Wes Indiese eilande naby Kuba, te gaan deelneem. **Hierdie jaar het hulle vierde in die wêreld gekom! ‘n Uitsonderlike prestasie**! Rusland het, soos gewoonlik, gewen, met België en die Tjeggiese Republiek tweede en derde. Suid-Afrika het vir Australië, wat een van die bestes is, ore aangesit!

Die span wat Suid-Afrika by die wêreldkampioenskappe in Aerobiese Fiksheidsport wat gedurende Desember 2015 op die Wes-Indiese eiland St Martinique gehou is, verteenwoordig het. Lenélle Henning is die kortetjie in die middel

Die Departement van Sport erken hierdie sportsoort en ken Proteakleure toe aan die span wat Suid-Afrika gaan verteenwoordig, maar dra slegs 'n klein niksseggende bedraggie by vir regstellende aksie lede. Omdat dit 'n amateursport is, met geen borge nie, moes alle kostes deur die kinders se ouers self betaal word.

Lenélle is hierdie jaar in matriek aan die Hoërskool D F Malan in Belville en as gevolg van haar studies sal sy hierdie jaar nie weer beskikbaar wees om vir die Proteas verkies te word nie.

Sterftes

b6.c4.d1.e5.f7.g8.h4. Gerhardus Jacobus Petrus (Gerhard) Henning * 4-4-1971 sterf op 2 November 2015 in 'n tref-en-trap voorval in Eastlynn, Pretoria toe hy die straat wou oorsteek om na 'n kafee te gaan. Gerhard het in Newcastle groot geword, maar het in sy vroeë twintigs na Pretoria verhuis, waar hy as wielsporingtegnikus opgelei is. In 2013 verander hy van beroep en begin werk in die konstruksiebedryf.

Hy is nooit getroud nie, maar het een dogter, Rochelle gehad, wat uit 'n verhouding met Leonie Rochelle Swanepoel gebore is. Rochelle is ook intussen getroud en het twee kinders, Enrique - en Damien De Flammingh.

b6.c4.d1.e5.f7.g8.h4. Gerhardus Jacobus Petrus Henning (Gerhard) *4-4-1971 wat op 2 November 2015 gesterf het

Gerhard het 'n passie vir motorfietse en die buitelewe gehad. Hy kon lekker kook en was 'n regte plaatjie wat sy familie se siel kon uittrek. Hy kon ook baie lekker grappe vertel.

Ons het ook verneem van die afsterwe van **b1.c6.d4.e6.f2.g3. Salomon Johannes (Sampie) Henning *26-12-1945** wat op 23-10-2015 te Pretoria oorlede is. Ons kon ongelukkig geen verdere besonderhede in die hande kry nie.

Hetta Henning *5-2-1990 en Dean Germishuizen *27-4-1989 neem 'n selfie op hul troudag

Huwelike

Saterdag 31 Oktober 2015 was 'n heuglike dag vir die families van b7.c8.d8.e1.f2.g3 Alexander Henning *5-5-1964 en die Germishuizen familie van Bloemfontein. Xander se tweede dogter, Hetta (of Henriette Petronella soos sy gedoop is) *5-2-1990 is op hierdie dag in die eg verbind met Dean Anthony Germishuizen, seun van Jacobus Lodewikus Germishuizen en Ronel Lorraine (gebore Du Plessis). Die huwelikseremonie en onthaal is gehou by Westline Aviation op die Tempe Lughawe in Bloemfontein, waar Xander dikwels uithelp met lugfotografietake.

Die huwelikseremonie is waargeneem deur Dr Hennie Maartens (eggenoot van die bekende Afrikaanse skrywer Maretha Maartens) wat die predikant was van die NG gemeente waar Xander se kinders groot geword het. Ongeveer 70 gaste het die troue bygewoon.

Hetta en Dean ken mekaar van skooldae af. Dean se ouers het in dieselfde woonbuurt as die Hennings gebly en die twee jongmense het dikwels saam in die parkie voor hulle huis gespeel.

Hetta is werksaam as administratiewe assistent en debiteure- en krediteureklerk by Mason Costa hoofkantoor in Bloemfontein en Dean is werksaam by King Kong as verkoopskonsultant en behartig hulle webwerf en faceboekblad.

Geldsake

Die Familiebond het jare gelede reeds besluit om verpligte ledegelde af te skaf. Ons laat dit oor aan alle Hennings om self te besluit of hulle en hoeveel hulle wil bydra tot die instandhouding van die Familiebond. Ten spyte hiervan bly die Familiebond afhanklik van lede se bydraes.

Ten spyte van hierdie onsekerheid kan ons baie trots wees op die Henning familie, want die Familiebond se voortbestaan was nog nooit onder druk weens 'n tekort aan fondse nie. Ons Hennings bring gereeld hulle kant en verseker dat die familiebond van krag tot krag gaan en ons hoop dat dit so sal bly.

Bydraes wat ons ontvang, word eerstens aangewend vir die dag-tot-dag instandhouding van die familiebond. Daarna kom kapitaaluitgawes aan die beurt, byvoorbeeld nuwe toerusting, soos 'n rekenaar, drukker en ander kantoormasjinerie.

As daar fondse oorbly, probeer ons betrokke raak by nasionale kultuurprojekte wat ook die geskiedenis van die Henning familie herdenk, soos wat verskeie kere nou reeds by die Oorlogsmuseum vir die Boere-Republieke in Bloemfontein, die Voortrekkermonument in Pretoria en dorpe soos Aliwal-Noord, Bethulie en Graaff-Reinet gebeur het. **In al hierdie gevalle is daar sigbaar erkenning gegee aan die bydrae van die Familiebond.**

Ons poging om die Anglo-Boere-oorlog medalje van Gerhardus Philippus Engelbertus Henning *17-5-1877 te koop, toe dit op ‘n veiling te koop aangebied is, waaroor ons op bl 3 verslag doen, val ook in hierdie kategorie.

Oor die afgelope 30 jaar is ons ook stadig maar seker besig om ‘n beursfonds op te bou waaruit, hopelik, eendag beurse aan belowende Henning studente toegeken sal kan word.

Die meerderheid lede maak een maal per jaar ‘n donasie, terwyl die getal lede wat met ‘n maandelikse debietorder bydra, stadig maar seker toeneem. Die voordeel van ‘n debietorder is dat mens met ‘n klein maandelikse bedraggie (van so min as R20.00 tot R30.00 per maand), wat mens later nie eens meer voel nie, na ‘n jaar eintlik ‘n groot bydrae gemaak het. Ons moedig lede dus aan om hierdie manier van bydraes te oorweeg.

Ons wil dus begin om baie dankie te sê aan daardie lede wat gereeld met ‘n maandelikse debietorder bydraes lewer. Hier vermeld ons graag die name van Jan Andries Henning van Leraatsfontein, Witbank, Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, Past Antonie Henning van Wonderboom-Suid, Pretoria, Pieter (PJS) Henning van Ramsgate en van Oktober 2015 af ook Pieter (P H) Henning van Durbanville.

Baie dankie ook aan al ons lede wat oor die afgelope drie maande vir ons eenmalige donasies aangestuur het. Soos gewoonlik vermeld ons die name van diegene wat ruimskoots – R300.00 of meer — bygedra het:

- T J (Tjaart) Henning en sy vrou Louisa van Sinoville, Pretoria — R2 000.00
- C B (Neels) Henning en sy vrou Bernice van Tampa in die VSA het vir ons $120.00 (dollars) gestuur. Teen ‘n wisselkoers van R14.056 vir ‘n doller, is ‘n bedrag van R1 555.63 in die rekening van familiebond inbetaal, nadat kommissie en BTW van R131.10 afgetrek is
- W P (Werner) Henning van Cresta, Johannesburg — R500.00
- Stanley Henning en sy vrou Mary-Ann van Dowerglenn – R500.00
- W F (Willie) Henning en sy vrou Gerda van die plaas Leeufontein, Burgersdorp — R400.00
- J C (Jack) Henning en sy vrou Anna van Noordstad, Bloemfontein — R350.00
- G S (Gerhard) Henning en sy vrou Deirdré van Royldene, Kimberley — R300.00
- Dr P A (Philip) Henning en sy vrou Anna van Durbanville – R300.00
- Mev S D (Sylvia) Grobler (gebore Henning)en haar man Gert van Randparkrif, Randburg – R300.00
- Mev Marinda Heunis (gebore Henning) en haar man Marthinus van Mandini – R300.00

Alle bydraes kan direk in die rekening van die **Henning Familiebond** inbetaal word. Die besonderhede is as volg: **ABSA Bank Villiersdorp (tak 334 612), Rekening nr 2890 610 423. Dit is ‘n tjekrekening. Vermeld asseblief te alle tye u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing.** U lidnommer verskyn op hierdie nuusbrief se koevert of as u die nuusbrief elektronies onvang, saam met u naam in die adreskolom.